Ps. 84: 1, 6
Ges. 62: 4
" 12: 4

**Ons Volk se Boesemsonde**

1 Joh. 4: 7-21

Lxt. Biddag Verkiesing 1943

1 Joh. 4: 20 – Wie sy broeder ... nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê?

– Pinkstertyd: tyd van hand in eie boesem steek. Berou: afdwaling + tekortkoming as volk, Kerk, gemeente, persone. Mr. ook belofte van geest. seën: Gods Gees v. liefde wat Hy wil uitstort.
– Dankbr vir seën ontvang. Mr waarom nie meer? Vir my net een antw: God kan nie sy liefde aan my openbaar as ek dit nie aan my ne broer openbaar! Hoe kan ons die seën v. O te wagte wees as die verwydering, verbittering, gees van onversoenlikhd bly voortwoed?
– Nog nie al: ons staan op die vooraand van 'n verkiesing. Wat ookal u gevoel + gedagte – of u noual direk aktief betrokke is of nie: niemand v. ons sal nie die onheilbare reeël meester maak uitwerk wat hom in so 'n tyd v. mense: uitwerking op geest. lewe
Dlow vra H.G. ons harte te ondersoek:

# Die Kerk in die Huis

## DIE STILLE UUR

Deur Ds. A. A. van Schalkwyk

*Maar die vrug van die Gees is.... lankmoedigheid.*—Gal. 5: 22.

Ook hierdie aantreklike vrug van die Heilige Gees word in die gelowige gekweek. Aan die natuurmens is hierdie karaktertrek vreemd. Hy wil in ongeduld en oorhaas dadelik sy planne uitvoer en sy doel bereik. Verdraagsaamheid beskou hy as swakheid, as iets wat 'n nadelige invloed op die medemens uitoefen en sy bruikbaarheid verminder. Hy kom liewer sonder iets klaar as om lank daarop te wag. Hy glo meer aan die deurkap van 'n netelige knoop as om tydsaam die drade los te sukkel.

Onder die invloed van die Heilige Gees word hierdie gesindheid heeltemal verander, so verander dat niemand die vorige mens in die nuwe sal herken nie. Hy openbaar nou 'n verrassende verdraagsaamheid in die huislike kring, in sy daaglikse omgang met ander, selfs teenoor diegene wat hom teengaan en dwarsboom. Hy is oortuig van die waarheid: hy wat glo, sal nie haastig wees nie. Verlang u na so 'n verandering in u geaardheid? Die middel daartoe word hier aangewys. Die vrug van die Gees is lankmoedigheid. Hy werk dit uit in die gemoed van elkeen wat onder sy bestuur is.

Ook by gelowiges ontbreek hierdie vrug maar alte dikwels. In byna alle verhoudinge vertoon hulle die grootste ongeduld en maak hulle deur hul uitlatings hul hele omgewing ongelukkig. En dié wat naaste aan hulle lewe, moet dit in die reël die meeste ontgeld.

Ook met betrekking tot die verwesenliking van ons innigste begeertes ontbreek hierdie lankmoedigheid by baie. Dit val so swaar om vas te hou aan die versekering dat die Here se tyd vir alles die beste tyd is, dat sy gedagtes altyd hoër as ons syne is.

Hoe beskamend is hierdie ongeduld as ons dink aan die Here se lankmoedigheid met ons! Wat verdra Hy nie alles van ons deur die jare heen nie! Dit alleen moes ons al tot meerdere verdraagsaamheid aanspoor, sodat ons enigsins hierin na ons hemelse Vader kan aard. Maar daarby onderneem die Gees om ons haastigheid en ongeduld te oorwin en om ons in alles en teenoor almal lankmoedig te maak. Sal ons onsself by vernuwing onder sy invloed stel?



## PREEK

### ONS VOLK SE BOESEMSONDE

Deur Dr. Jac. J. Müller

*Wie sy broeder.... nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê?*—1 Joh. 4: 20.

Ons het met die Pinksterdae die hand in die boesem van ons dierbare volk gesteek. Kon ons die seën verwag en ontvang wat God vir ons weggelê het, onder al die verwydering en onversoenlikheid en bitterheid wat daar in ons land en in ons Kerk en onder ons volk is? En *moet* daardie dinge só wees, of kan dit verander en *moet* dit verander? Sal ons as volk en as enkelinge nie in 'n groot geloofsdaad daardie ontsettende sonde van liefdeloosheid bely nie—ons s'n, ons volk s'n, ons Christene s'n — en daardie steen wegrol sodat God ons weer kan seën nie? Want daar is geen geestelike seën in 'n liefdelose hart nie! En alleen as ons volk gewillig is dat Gods Gees sy vinger mag lê op daardie boesemsonde van ons tyd, en ons oortuig dat dit *sonde* teen God is, en as ons gewillig is om dit af te lê, sal 'n vloedgolf van geestelike seën en liefde weer ons volk laat herlewe!

I. Die Onmisbare Voorwaarde tot Seën:

Die Heilige Gees vra ons om ons verhouding teenoor ons medemens te ondersoek. U sê u het God lief, maar wat van u broer? As u u broer nie liefhet nie, dan het u God nie lief nie! As u sê dat u God liefhet, en tog u broer haat, dan lieg u dat u God liefhet. Dit sê nie ek nie, maar God self in sy Woord (1 Joh. 4: 20). Moenie uself bedrieg nie. Moenie dink dit is moontlik dat u reg teenoor God kan staan, en teenoor u medemens in 'n verkeerde verhouding bly nie, want liefdeloosheid teenoor die medemens is *sonde teen God*. En as u God waarlik liefhet, sal u nie teen Hom wil sondig nie. As die God van liefde in u woon, sal u u medemens ook kan liefhê en het u hom ook daadwerklik lief. Die Here het *u* lief en het u broer lief — en daarom moet en kan u hom ook liefhê. As ek Jesus in my het, vul Hy my hart met *sy* liefde. En *Hy* kan nie haat of bitter wees nie. Jesus in my *wil* net liefhê, *kan* net liefhê. Sy liefde *in my* gaan uit na my medemens om hom ook lief te hê.

As u dus nie u medemens liefhet nie, maar in twis en verwydering en liefdeloosheid leef teenoor hom, dan het u God nie lief nie, dan leef Jesus nie in u hart nie, dan het u u maar wys-

gemaak dat u ook Gods kind is — of u lewe in gedurige ongehoorsaamheid aan God en u haat u broer wat vir God dierbaar is. En voor u nie dáár regmaak en die verhouding van liefde herstel nie, sal u nie geestelik geseën word nie want God sal nie seën waar haat en nyd woon nie; Hy gebied sy seën alleen waar liefde woon!

Hoe sal u lewe lyk as die verhouding tot u medemens reg is en daar liefde is? Laat ons kyk in die spieël wat die hoofstuk van die liefde — 1 Kor. 13 — vir ons voorhou.

Die liefde is lankmoedig (verdraagsaam teenoor ander); die liefde is vriendelik (nie bitsig en venynig in woord of gesindheid nie); die liefde is nie opgeblase en hoogmoedig nie (sien nie op ander neer nie, veroordeel nie, wil nie altyd beter wees as ander nie); die liefde handel nie onwelvoeglik nie (in taal of in daad teenoor ander); die liefde soek nie sy eie belang nie (is nie selfsugtig en jaloers nie); die liefde word nie verbitterd nie, en die liefde reken die kwaad nie toe nie (dit kan vergewe).

Hoe lyk u lewe? Is daar súlke liefde teenoor u medemens, teenoor u broer, u volksgenoot, teenoor andersdenkendes? Hoor, só sê God: „Al sou u die tale van mense en engele praat; al sou u al die geheimenisse weet en kennis besit; al sou u geloof hê om berge te versit; al sou u al u goed uitdeel onder ander, en al sou u gewillig wees om u liggaam te laat verbrand (vir 'n beginsel of saak wat u voorstaan) — *maar* sónder liefde, dan baat dit u alles niks. 'n Mooi lewe 'n uiterlik godsdienstige lewe, 'n opofferende lewe — *sonder liefde*: God vra nie dit van u nie, maar wil iets anders hê in u lewe. God soek liefde by u!

Mede-Christene, hoe lyk u lewe? Is daar by u die sonde van liefdeloosheid om te bely? O, het die liefde dan onder ons verdwyn? Onder ons, kinders van God, wat weer aan die koue harde wêreld moes wys wat liefde is, en aan hulle liefde moes teruggee, die liefde van Christus? Het u die kenteken van opregte Christenskap verloor: die liefde? God wil u gebruik en die wêreld bereik en seën deur u liefde — en nou? U lewe het onvrugbaar geword — daar is mure wat u afsluit van u mede-Afrikaner en mede-Christen; u godsdiens het kragteloos geword — dit het sy siel kwytgeraak! 'n Gemeente, 'n Kerk, 'n volk sonder liefde — op die pad van sonde teen God en medemens, en van die bedroewing van die Heilige Gees, wie se eerste vrug is: liefde! (Gal. 5: 22.)

Hoe lyk u lewe? Hoe lyk u volk? Is dit een groot christelike familie wat in liefde saamwoon, ondanks verskille wat daar onder broers van dieselfde huis is? Lyk ons volk só? Of tref ons aan in plaas van liefde selfsug en onverskilligheid oor die geestelike en tydelike welsyn van ander, veral van dié wat van ons verskil? Ag, was dit maar net verskille soos so baie ander op elke terrein van die lewe, waarin mense verskillende opvattinge huldig en tog niks verkeerds van mekaar dink of mekaar toevoeg, omdat hulle nie eenders dink nie! Waarom moet by die verskille op *politieke* gebied *so 'n gees* geopenbaar word? Waarom kan dáár nie verskil word sonder onverdraagsaamheid, liggeraaktheid, harde gedagtes en woorde oor mekaar, onvergewensgesindheid, haat en bittere veroordeling en verkleinering van mekaar nie? Waarom kan dáár die een die ander nie sy opinie gun en ondanks verskillende opvattinge tog opreg liefhê nie? Watter gees word geopenbaar in ons politieke optrede en geskille? Dit is 'n gees wat in die hel aangesteek is, dit is nie Gods Gees nie! En so staan Afrikaner-Christene teenoor mekaar, verdeeld en verwyderd! En hoe verlang die Kerk en sy dienaars nie na meer eensgesindheid, en dat ons mekaar sal *vind* by daardie een groot verenigingspunt vir alle Christene nie, die kruis van Jesus? Maar skaars het die kansel gesmeek dat die kerklede mekaar tog moet vind in broederlike liefde en verdraagsaamheid, of die pers en die platform — die bitsige koerantartikels en die venynige toesprake van politieke sprekers — jaag weer die kudde van Christus uiteen en hits die een teen die ander op! En dan word onderling teen mekaar die verwyte en beledigende aanmerkings geslinger wat die pers en platform die volk geleer het: die een skel die ander uit vir 'n Nazi en 'n vyfde-kolonner, en die ander slinger die kompliment terug van kakie-ridder en kafferboetie! *Maar dit maak seer en dit verwyder!* En die lede van een volk en lede van een Kerk raak vervreemd van mekaar en staan koud teenoor mekaar met 'n wrok en liefdeloosheid wat diep geherberg word. Waarom moet dit só wees?

Waarom? Omdat ons volk vandag 'n sonde het wat sy *boesemsonde* geword het! Omdat ons volk 'n *afgod* opgerig het, wat uiteindelik van sy aanbidders sy vernietigende slagoffers sal maak. En daardie afgod van ons volk is sy partypolitiek! Ook op daardie terreine waar Christus alleen die volle seggenskap moes hê en waar sy wil as wet gegeld het vir die Christen, het die afgod ingedring. Baie Christene staan voor die onbenydenswaardige keuse tussen wat Gods Woord van hulle verwag en wat hul politieke party van hulle verlang. En so sterk is die mag van die afgod, dat byna sonder uitsondering die keuse gedoen word ten gunste van die party en die saak en ten nadele van Kerk en Gods Woord. Die partypolitiek gee in baie mense se lewe die toon aan; die koerant en nie die Bybel nie, stel die gedragslyn vas en verkondig die waarheid; alles word op die altaar van die partypolitiek geoffer. Die partybelange geld die hoogste en meeste. As Gods Woord sê: *Het mekaar lief* — en die partybelang eis: *Haat die andersdenkende,* dan word hy gehaat! As Gods Gees sê: *Vind mekaar as Christene,* en die partybelange vorder: *Jaag weg wie nie soos jy dink nie,* dan bly selfs Christene van mekaar weg en vermy en veroordeel mekaar en draai die rug op mekaar! Selfs die Kerk, die preke en die gebede in die huis van God word neergehaal om hier of daar in te pas by die

(*Vervolg op bladsy* 831)

# Ons Wyksbidstond

## VIR DIE MAANDELIKSE BIDSTOND VAN 1 JULIE 1942

Deur DS. A. A. VAN SCHALKWYK

## DIE BESTE KOM NOG

*En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk.*—Rom. 8 : 28.

DIE hoop op beter dinge in die toekoms leef in die hart van elke mens. Dit is hierdie hoop wat hom staande hou en laat volhard ten spyte van die rampe, teenspoede en teleurstellings van die lewe. Sy hoop is dikwels ongegrond maar vorm nietemin 'n opbeurende krag in sy lewe. So staan daar vir lang, lang jare manne by hul gruishope op die delwerye en keer hulle met spanning elke sif met klippies om in die verwagting dat die groot diamant wat hulle soveel jare al soek, uiteindelik voor hulle sal blink.

Ook die Bybel maak melding van 'n hoop wat in menseharte leef. Christus word die hoop van die gelowige genoem. Juis daarom het hierdie hoop 'n vaste grond. Dit rus op die belofte van die Almagtige. Daarom sê die Christen met oortuiging: Die beste kom nog.

In Rom. 8 : 18 en 2 Kor. 4 : 17 gebruik Paulus die beeld van 'n skaal waarin die teenswoordige en die toekomstige dinge geweeg kan word. En sy bevinding is ook dat die beste nog kom, want die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word, weeg swaarder as die lyding van die teenswoordige tyd en die verdrukkinge van hierdie lewe is lig in vergelyking met die alles-oortreffende, ewige gewig van heerlikheid wat volg.

Hierin bestaan dus die blymoedigheid van die gelowige dat hy op elke gebied van die lewe en onder alle omstandighede weet dat die beste nog kom, dat alle dinge ten goede meewerk vir diegene wat God liefhet. Laat ons hierdie waarheid ondersoek in verband met die koninkryk van God, die lotgevalle van die volkere, die beproewings van die gelowige.

(1) *Die koninkryk van God.*—In die loop van die wêreldgeskiedenis is die stelling meermale neergelê dat die koninkryk van God so verbreek is dat die einde daarvan as seker bepaal kon word. Dink byvoorbeeld in die Bybelgeskiedenis aan die verdrukking in Egipte, aan die tyd van die rigters, aan die vernietiging van die ryke van Israel en Juda. aan die kruisdood van Christus. En later vind ons dieselfde beskouing in die tyd voor die kerkhervorming, in die jare na die wêreldoorlog van 1914—1918, in die toestande wat vandag heers. As iemand op hierdie tydstippe sou verklaar het of vandag sou beweer dat die beste nog kom, sou dit as onsin bestempel geword het en vandag beskou word. Die skade wat aan die saak van die Here berokken is, weeg so swaar dat wat oorbly byna nie in aanmerking geneem kan word nie.

En tog leer die geskiedenis ook in hierdie verband dat God uit die kwade die goeie laat gebore word. So is die volk van Israel deur sy beproewings en loutering gevorm en toegerus om sy ware roeping te vervul en die koninkryk van God op aarde te vestig. Die donker nag van die middeleeue is vervang deur die helder dag van die Kerkhervorming. Die Wêreldoorlog is gevolg deur 'n opbloei in christelike Kerke en die toeneming van sendingywer. In die oordele wat nou op die aarde rus, lê die saad van groot en kosbare dinge wat in die belang van die godsryk ingesamel sal word. Vir die saak van die Here lê die beste nog voor, veral as die nuwe aarde en die nuwe hemel daar is en Christus alles is in almal.

(2) *Die lotgevalle van volkere.*—In die verwarring wat daar vandag in die wêreldtoestande bestaan en met die oog op die omwentelinge wat reeds plaasgevind het, sou iemand nouliks die moed hê om te verklaar dat die beste nog kom. Die Bybel sê ook nie dat dit met alle volke die geval sal wees nie, maar alleen vir dié wat Hom liefhet. Aan alle kante hoor ons sprake van nuwe ordes wat na die oorlog vir die mensheid in die algemeen soveel gelukkiger toestande sal skep. Die geskiedenis leer dat dit alleen die orde van God is wat dit kan bewerk. Die bewyse hiervan word oorvloedig in die lewe gevind. Ook deur wat daar met ons volk gebeur het word dit bevestig. Dit is nie dat ons in alle opsigte godvresend is nie, maar tog beklee die diens van die Here by ons volk nog die eerste plek. Die bestuur van alles is in die hande van die Almagtige en dit is alleen van sy besluite waar dat hulle volgens plan uitgevoer word. Dit is sy waarborg dat alles meewerk ten goede vir die volk wat Hom liefhet. Vir dié volk kom die beste nog.

(3) *Die beproewings van die gelowige.*—Sou die stelling dat die beste nog kom gehandhaaf kan word teenoor die bitter beproewings wat so dikwels in die lewe van die gelowige voorkom? Klink dit nie na gevoelloosheid nie om dit byvoorbeeld te sê aan die weduwee by die graf van haar man, aan die wees in sy verlatenheid, aan die jongmense in hul teleurstellings, aan dié wat aanhoudende krankheid en lyding moet verduur, aan dié vir wie die lewe 'n wrak geword het wat langs 'n eensame strand lê?

Nee, gevoelloosheid is dit nie, maar juis die aanbieding van die hoogste troos. Alleen waar die hemelse Vader beproewing onmisbaar vir sy kind beskou, word dit toegelaat. Die ondervinding is op die oomblik nie 'n saak van blydskap nie, maar van droefheid; later lewer dit 'n vreugdevolle vrug van geregtigheid vir dié wat daardeur geoefen word.

Aan al die swaarbeproefdes van die wêreld gee die Here die versekering dat die beste nog kom. Hy maak weer heel wat stukkend was en gee nuwe waarde aan wat hopeloos gelyk het. Vir Hom is dit nooit te laat nie en almal wat in die regte verhouding tot Hom staan mag gelowig en blymoedig verklaar dat die beste nog kom. En as die lewe verby is, volg die allerbeste, die ewige lewe in heerlikheid by God. Laat ons bid om die versterking van ons geloof in hierdie vertroostende waarheid en dat veral die beproefdes die bemoediging daarvan mag ondervind.

Lees: Rom. 8 : 18—30.

Sing: Ges. 20 : 1, 5, Ps. 42 : 5, Ges. 25 : 3 en 5.